

Wees vlugtig

Publikasie: USB Agenda

Datum: Oktober 2014

Dit blyk deesdae dat almal tegelykertyd aan alles moet aandag gee en dadelik moet reageer. Vlugheid in die werkplek kan daarom help om slegte humeure te kalmeer en angs te verminder, sê **Jaco Leuvennink**.

Beweeg van 'n mededingende voordeel na 'n vlugheidsvoordeel

Vandag se toenemende komplekse, vinnig veranderde, mededingende en geglobaliseerde kenniseconomie verhef sonder twyfel eise in die werkplek. Eienskappe wat voorheen vir werknemers én sakeondernemings aanloklik was – soos die vermoë om aan te pas, uit te hou, standvastig te wees en veerkragtigheid te hê – word nou deur 'n meer omvattende term beskryf: vlugheid.

Werkplekvlugheid word deur dr Salomé van Coller-Peter, hoof van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool se MPhil in Bestuursontwikkeling, beskryf as die gewilligheid om ou gewoontes, sieninge en persepies op te gee (of aan te pas) sodat jy met konsekwentheid nuwes kan omarm en kan aanhou leer.

“Wees gereed vir toenemende verandering en om daaruit te leer. Die kuns is nie om jou eie aangeleerde vermoëns en waardes te verloor nie, maar om voortdurend te leer hoe om jou eie sieninge op verskillende maniere te kommunikeer. Jy moet weet dat wanneer jy in die groot liga wil speel, jy baie blootgestel gaan word deur sosiale media ensovoorts, en dat jy oukei daarmee moet wees.

“Jy moet rats wees oor waarmee jy saamstem en waarmee jy nie saamstem nie en om dít met jou woorde en daede te ondersteun. Wees egter onbevooroordeeld omdat jy gou kan ontdek, deur nuwe kennis, dat jy verkeerd was.”

Dr Van Coller-Peter haal Forrester Research se hoofontleider Craig le Clair aan: “Ondernemings moet wegbreek van die veronderstelling van volhoubare, mededingende voordele en hulle aanpasbare differensiasie omarm, byvoorbeeld deur 'n vlugheidsvoordeel te ontwikkel. Forrester definieer hierdie vlugheidsvoordeel of sakevlugheid as die eienskap om mark-, operasionele, tegnologiese, kulturele, leierskap-, politiese of enige ander veranderinge as 'n kwessie van roetine te omarm.”

Vir die individu beteken dit om van 'n gevestigde kundigheid te beweeg na 'n punt waar vaardighede oor verskillende funksies konstant aangeleer moet word.

Probeer weer

Kerry Sandison, programhoof van die USB se Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling, verkies om na die behoefte van vlugheid te kyk vanuit die oogpunt van angsvlakke in die werkplek. Sy sê dit het beslis oor die afgelope twee dekades toegeneem. Mense voel gedurig onseker en oorweldig deur die verskeie rolle wat hulle moet speel en die eise waaraan hulle moet voldoen.

“Die meeste mense se natuurlike reaksie is om hulself te beskerm – nie om uit te reik nie. Op hierdie manier word hulle meer geïsoleer en eensaam, en hulle onderpresteer.”

Sommige mense het sekerlik natuurlike persoonlikheidseienskappe, soos veerkragtigheid, 'n liefde vir nuwe uitdagings en miskien om 'n dik vel of groot ego te hê of om wel ter tale te wees. Sandison dink egter nie dat iemand noodwendig 'n dikvellige egoïs moet wees om suksesvol te wees nie.

Sy sê almal kan en behoort te leer hoe om natuurlike angs te hanteer, meer interaksie te hê, diverse menings te akkommodeer en om gemaklik met hierdie diversiteit van menings te wees in die belang van die verkryging van 'n werklike oplossing. Sy beklemtoon twee vaardighede wat belangrik is om te verkry:

- Die kuns van gesprekvoering: Maak diversiteit oop en praat dinge behoorlik uit sodat julle die beste uitslae kan kry. Moenie vir 'n vinnige oplossing soek met die doel om 'n ongemaklike situasie te ontwyk nie.
- Persoonlike veerkragtigheid: Leer om nie onder druk ineen te stort nie, om nie nee vir 'n antwoord te aanvaar nie of om konfrontasie te probeer vermy nie. Ontwikkel selfvertroue en glo in jouself sodat jy weer kan opstaan nadat jy geval het.

In plaas daarvan om 'n slagoffer van uitbranding te wees, kan jy besluit om iemand te wees wat aanhou probeer, iemand met 'n gebalanseerde lewe wat nie al sy tyd op kantoor deurgebring nie en ook nie heeltyd wonder wat op kantoor aangaan nie. Om dit te bereik, moet jy dinge doen wat jou laat goed voel omdat jy meer veerkragtig en vlugtig sal wees as jy beter oor jouself voel.

Sandison sê die dae van die leier wat die held is, is verby en “ons het mekaar broodnodig” om enigiets te bereik en te bestuur. Vandag se leiers het kenners en kundigheid nodig, maar hulle moet ook bereid wees om te wys hulle is kwesbaar en om dit wettig te verklaar as hul organisasie se norm en kultuur.

Vlugheid is in omtrent elke werk nodig – van die ingenieur wat uitgestuur word om in 'n omgewing te werk wat kultureel anders as sy eie omgewing is, tot die prokureur wat gevra word om 'n sterk sosiale media teenwoordigheid te hê.

Lei jou brein op

Elsa Simpson, direkteur van Transmind SA, bevestig dat dit veral waar is in die IT-bedryf: “Korter tydlyne vir werklewering, die verandering van behoeftes en werk op projekte wat terselfdertyd binne verskillende raamwerke gedoen moet word, is nou die norm.”

Sy gebruik 'n hulpbron genaamd Organic Scorecard om die denke van bestuurders en beroepsmense in die IT-bedryf te toets. Hierdie hulpbron wys hoe mense hul bewuste en onbewuste breinenergie gebruik. Een van die domeine in die grafiek toets vlugheid – byvoorbeeld hoe iemand reageer op verandering in die wêreld daarbuite.

“Hoe meer bewus jy van jou behoefte is om binne 'n veranderende omgewing te reageer, hoe meer vlugtig is jy.”

Volgens Simpson kan jy op vier verskillende maniere reageer:

- Eerstens van jou breinstam af in 'n passiewolle, vinnige en kreatiewe manier (soos 'n energieke ontdekkingsreisiger) of in 'n oorlewingstoestand van veg of vlug
- Tweedens van die limbiese stelsel af deur te probeer om die beweging te stabiliseer deur verskillende 'skuiwe' uit te wys en te plaas (soos 'n strategiese skaakspeler) of deur die verandering op 'n streng wyse te blok
- Derdens van die neokorteks af deur die verandering te aanvaar en daarmee saam te gaan (soos 'n intuïtiewe kulkunstenaar) of deur jouself af te sonder as gevolg van ontkenning
- Vierdens deur geen energie te gee in die rigting van verandering nie en om aan te gaan asof niks gebeur het nie.

“Om bewus te wees van die reeks breinaktiwiteite wat aan jou beskikbaar is, verhoed daardie vinnige reaksie tot verandering. Dit stel jou oop aan kreatiewe reaksies. Ondervining in die IT-bedryf dui daarop dat suksesvolle mense baie aandag aan vlugheid gee. Die mees suksesvolle mense gebruik passiewolle, kreatiewe energie, asook stabiliserende energie wanneer hulle dink oor hoe om te reageer op 'n markplein wat gedurig verander.

“Dit beteken dat hulle baie sensitief en bewus is van verandering wat om hulle plaasvind. Hulle het dan 'n oombliklike impuls om nuwe moontlikhede en uitdagings te verken. Maar hulle gee ook energie aan hoe om hierdie nuwe uitdagings te stabiliseer tot oplossings of lewensvatbare opsies. Hulle gebruik die neokorteks-bewustheid om die dinge wat hulle nie kan verander nie, te aanvaar en om binne die nuwe stel beperkinge te werk.”

Simpson haal die uitvinder van die Organic Scorecard, Marc Grond, aan: “Vlugheid gaan oor die brein se kapasiteit om te reageer”.

Dink op jou voete

'n Artikel op die *Huffington Post* se webblad stel dit so: “Diegene wat vlugtig is om te leer, weet wat om te doen *wanneer hulle nie weet wat om te doen nie.*”

Dalk is vlugheid bloot 'n moderne term vir die innoverende aanpasbaarheid en kreatiwiteit wat die mens nodig gehad het om te oorleef vandat hy homself bevry het van die reg van die sterkste en tot beskawing beweeg het. Die pas is net baie strawwer vandag, met toenemende klem op emosionele en spirituele welstand, eerder as die fisiese oorlewing van die verlede – ten minste vir diegene wat 'n werk het!